


# GRAAD 8 INLIGTING

WELPIES 2023


# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Uit die hoof se kantoor | 3 |
| Algemene Inligting | 4 |
| Liewe Triegie Welpie | 5 |
| Onderriggelde | 6 |
| Skryfbehoeftes, Handboeke & Skrifte | 7 |
| Skooldrag | 8-9 |
| Afwesighede | 10 |
| Kampreëlings / Eerste dag | 11 |
| Kamp: Lys van benodigdhede | 12 |
| Belangrike datums | 13 |
| LUK 2022/23 | 14 |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Baie welkom nuwe Triegie-Ouers!

Dis vir ons 'n voorreg om u te verwelkom en ons is saam met u opgewonde om 2023 aan te pak! Hier by Hoërskool Louis Trichardt is ons 'n gedugte span wat saamstaan om te verseker dat elkeen van ons Triegies gekoester en gelukkig is en dat elke Triegie-ouerpaar net so spesiaal soos hulle Triegies voel. Hier het elke ouer en kind 'n plekkie in ons skool se hart!



**Mnr Theo Muller**
*Hoof*

Die volgende vyf jaar van u graad 8-Welpie se lewe wil ons graag vul met uitmuntende akademiese opleiding, ontwikkeling van kreatiwiteit, effektiewe kommunikasie, 'n legio aktiwiteite en geesbou-geleenthede om sy/haar volle potensiaal as mens te help ontwikkel, te slyp, te vorm en in die proses te sorg dat ons welpies in ware Triegie-Leeus verander. Dit is vir ons baie belangrik dat elkeen van ons Triegies so maklik moontlik by Hoërskool Louis Trichardt inskakel en ten volle betrokke raak by ons dinamiese skool.

Betrokkenheid bou positiwiteit en 'n gevoel van deelwees en van eenheid. Betrokke Triegies is meer by die skool as by die huis en dit is gesond, want hier leer ons saam, van-en bymekaar. By hierdie inligtingsgids is 'n kalender vir "op die yskas" om die wiele tuis ge-olie te hou. Volledige besonderhede en datums van alle gebeure sal in die kwartaalprogram saamgevat word, asook die D6 "School Communicator".

Graad 8-Triegie Welpies woon **alle** atletiekbyeenkomste by, asook sekere ander aktiwiteite wat vooraf met hulle afgespreek word. Baie dankie vir u lojale inkoop in Hoërskool Louis Trichardt se manier van doen om elke graad 8-Groentjie 'n ware Triegie met Triegie-tradisies te maak. Ons missie is om Triegie-Leeus vol lewenslus te bou wat diep spore trap, want waar 'n spoor trap, word 'n generasie gevorm.

Ons vertrou dat u en u kind se verbintenis met Hoërskool Louis Trichardt vol opwinding, ontwikkeling, avontuur, gesonde uitdagings en koestering sal wees. Hier is ons graag die springmat én vangnet vir ons kinders. Ons wil elke nuweling so tuis laat voel, dat hulle vinnig die vrymoedigheid ontwikkel om te waag, te ontdek en hulle grense te verskuif, binne die veilige raamwerk van ons Triegie-waardes van integriteit, lojaliteit, respek en ywer.
Indien u ooit wonder of onseker is oor enige iets, neem vrymoedigheid en kontak ons gerus.

Triegie-Groete
Mnr. J.T. Muller

# ALGEMENE INLIGTING:

TRIEGIE-DAGBOEK:

Elke leerling ontvang aan die begin van die jaar 'n Triegie-dagboek. Hierdie dagboek **MOET** elke dag in jou kind se skooltas wees!
Leerders ontvang ook later 'n ID-kaart wat daagliks gedra moet word.

SKOOLURE:

Skool open vir personeel:
Maandag, 9 Januarie 2023
Skool open vir leerlinge:
Woensdag, 11 Januarie 2023
Hoërskool Louis Trichardt begin stiptelik om 6:55 en sluit 13:45.

BANKBESONDERHEDE:

FNB Tjekrekening
Rekeningnommer: 627-446-19208
Takkode: 250-655
Verwysing:  Rekeningnommer soos per skoolfondsstaat



# Liewe Triegie-Welpie



Jy het besluit om deel te word van ons TRIEGIE-gesin waar almal vir mekaar omgee. Ons is baie opgewonde oor jou koms en berei voor om jou in 'n japtrap deel van ons gesin te maak as 'n volwaardige TRIEGIE-LEEU en uiteindelik in 2027 'n Triegie-MATRIKULANT!

Hoërskool Louis Trichardt is nie net 'n skool nie - dis 'n leefwyse! Daarom wil ons, saam met die Triegie-Onnies, jou help om 'n sukses van jou hoërskoolloopbaan te maak, sodat jy reg sal wees vir die grootmenswêreld wat vir jou wag. Ons gaan dit saam regkry, want ons glo jy is ook opgewonde om met hierdie nuwe avontuur te begin.

Daar is net een voorvereiste vir sukses: Wees oral betrokke, probeer alles, geniet alles en kies dan eers! Ons is 'n besige en bedrywige skool! Ons weet jy wil so gou moontlik al jou Triegie-dinge gereed hê vir volgende jaar en daarom gee ons nou reeds vir jou die belangrikste datums vir die eerste maand van volgende jaar. 'n Ingeligte Triegie Welpie sukkel min!

Al die datums vir al die ander sportsoorte, kultuuraktiwiteite, sosiale- en geesboufunksies sal op die "D6 School Communicator" deurgegee word. Jy brand seker om Triegie-skooldrag te koop. Dit is beskikbaar by ons eie Triegie-winkel op die skoolterrein. Ons het by die skool 'n klerebank waar tweedehandse klere beskikbaar is. Jy het mos ons nommer, moenie skroom om die skool of vir my persoonlik te skakel as jy oor enige iets onseker is nie. Ons sal jou 1-2-3 sonder sukkel help. Ons Triegie-LUK gaan ook 'n keer of wat met jou gesels - vra gerus ook vir hulle waaroor jy nog wonder!

Geniet die vakansie en kom wees deel van ons Triegie-Gesin. Ons kan nie wag om jou te ontmoet nie.

Triegie-Groete,

**Mev. Madeleine Nel**
(Bemarkingskoördineerder)
083 388 7933 / 015 516 4965
nelmadeleine@yahoo.com.au

# ONDERRIGGELDE:

Neem asseblief kennis dat die skoolfonds vir 2023, **R22 744** per leerling beloop.
**R2 068** per maand oor 11 maande
Kontak mev. Natasha Pretorius vir enige navrae by ons finansiële kantoor: 015 516 4965.
Bankbesonderhede:
FNB Tjekrekening 627-446-19208
(takkode: 250-655)

## KOSHUISGELDE 2023 :

| | |
|---|---|
| Totale koste: | R 29 617 |
| Kwartaal 1: | R 8 080 |
| Kwartaal 2: | R 7 880 |
| Kwartaal 3: | R 7 100 |
| Kwartaal 4: | R 6 557 |

## Ons koshuise bied die volgende na skool aan:

**Opsie 1:** Gebalanseerde Middagete, studiesaal/kamer om in te leer teen **R70** per dag.
**Opsie 2:** Slegs Middagete **R60** per dag.
**Opsie 3:** Ontbyt, middag– en aandete plus kamer, **R275** per dag. Hierdie opsie is gerieflik vir buitemuurse aktiwiteite / sport, wat laat terugkeer of vroeg vertrek.

# SKRYFBEHOEFTES, HANDBOEKE & SKRIFTE:

## SKRYFBEHOEFTES:

Elke leerling sal die volgende benodigdhede per die skryf-behoefte lys moet aanskaf (Die lys sal op u WhatsApp-groep geplaas word).
‘n Huiswerkboek/dagboek met al die skoolinligting word deur die skool voorsien en moet te alle tye by leerlinge wees.

## OORTREK VAN BOEKE:

Elke onderwyser sal hul voorskrifte per vak deurgee.
LW: DAT ALLE SKRIFTE EN HANDBOEKE MET PLASTIEK OORGETREK MOET WORD voor 1 FEBRUARIE 2023.

## WERKBOEKE:

Die volgende werkboek sal ook van u R1000 deposit afgtrek word.
Natuurwetenskappe R 230
'n Afrikaans/Engelse Woordeboek moet aangekoop word.
Handboeke van ander vakke sal aan u kind beskikbaar gestel word.

## SKRIFTE:

Neem asseblief kennis dat Hoërskool Louis Trichardt steeds gratis skrifte aan ons leerlinge verskaf. Indien die skrif vol is of verloor word moet dit self vervang word.

# SKOOLDRAG:

Ons verwys na die dagboek wat elke leerder ontvang in Januarie 2023 wat die reëls duidelik uiteensit aangaande voorkoms.
Skool- en sportdrag is te koop by ons eie Triegie Winkel.
NB: Let daarop dat die skoolbaadjie "Blazer" elke Maandag en Vrydag vir alle graad 8-leerders verpligtend sal word. Blazers is betaalbaar voor einde Maart en word dan eers bestel.
Skakel gerus met **mev. Liana van Rooyen 071 370 3656**.
Die eerste dag van skool ontvang die Welpies 'n T-hemp by die kamp wat hul moet aantrek soos wat met hulle gereël word.



## TRIEGIE WINKELURE:

Die Triegie Winkel sal oop wees tot 15 Desember 2022 vanaf 8:00 tot 15:00.
Open weer die 5de Januarie 2023 8:00 tot 15:00 en elke Vrydag oop tot 14:00.

**ENIGE SKOOLDRAG NAVRAE KAN GERIG WORD AAN: LIANA VAN ROOYEN 071 370 3656**



# Wat trek ek die eerste dag van graad 8, 2023 aan?

Gewone Hoërskool skooldrag:

Dogters: Maroen rompie, wit skoolhemp en skoolskoene.

Seuns: Khaki broek, -hemp en skoolskoene.




# AFWESIGHEDE:

Ouers/voogde word versoek om vooraf reëlings te tref deur aansoek te doen om u kind uit te mag teken deur gebruik te maak van die voorgeskrewe vorm in die dagboek (wat u kind gratis van die skool ontvang).

Neem asseblief kennis dat slegs ouers/voogde self leerlinge by die skoolkantoor mag uitteken. Geen leerling sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat sonder 'n ouer/voog se teenwoordigheid nie. Ons versoek ouers egter om slegs met uitsondering leerlinge in skooltyd uit te teken. Reël dus asseblief mediese afsprake na skool.

Deur by die uittekenprosedure te hou - dra u by om u kind se veiligheid te verseker.

'n Mediese sertifikaat of brief van ouers moet by die register personeellid ingehandig word met die terugkeer van leerlinge na enige afwesigheid.



Meneer Dippie Nortje
Dissiplinêre Hoof.

**LAAI ASSEBLIEF D6 "SCHOOL COMMUNICATOR" AF OP U REKENAAR OF SLIMFOON. BELANGRIKE DATUMS EN REËLINGS WORD DAAR DEURGEGEE.**

# KAMPREëLINGS / EERSTE DAG:

## Let daarop dat hierdie kamp verpligtend is vir alle graad 8-leerders.

Leerders kom die 11de met hul skoolklere skool toe. Geen skooltas nie, slegs hul beddegoed en sak met klere vir hul kamp.
Die koste van die Welpie-kamp beloop R550 wat verblyf, vermaak en alle etes insluit. Die Koste van die Welpiehemp beloop R100. Die gelde sal van u R1000 verhaal word en die balans sal oorgeplaas word na u skoolfonds. U is ook welkom om 'n reëling te tref indien u dit anders verkies.

## Program:

Saalopening; Vertrek na Northgate
Arriveer weer terug Donderdag, 12 Januarie om 15:30.
NB: Kinders moet asseblief baie ou klere inpak aangesien hul 'n modderbad gaan neem!



Mnr Adriaan Moulder
072 311 5719



Me Laetitia Lochner
076 792 2366

Meneer Moulder sal die Welpie-oriëntering behartig en mevrou Lochner is die Welpies se graadvoog. U is welkom om met hul te skakel.

# KAMP:

## NORTHGATE - LYS VAN BENODIGDHEDE:

ALLES BESITTINGS MOET GEMERK WEES MET DIE NAAM, VAN PERSOON EN SKOOL

A. MOET BRING LYSIE:

1. Slaapsak en kussing of duvet (+1 ligte kombers in die winter vir leerlinge)
2. Eetgerei: Papbord, bord, beker, mes, vurk en lepel. Alles in een sakkie (plastiek of lap) met 'n vadoek. (GEEN PAPIERBORDE NIE, ASSEBLIEF!) Dit skep probleme met blouape.
3. Een stel klere vir elke dag, verkieslik ou klere. GEEN SKOOLUNIFORMS NIE, ASSEBLIEF. Manlik: Gemaklike broeke en hemde vir velddrag. Vroulik: Gemaklike velddrag. Verkieslik lang- en kortbroeke. Asseblief geen rompe en rokkke nie.
4. `n Sweetpak of warm jas, baadjie of trui, reënjas, slaapklere of iets om in te slaap.
5. Handdoek en Swemklere.
6. Waterbottel, indien moontlik.
7. Hoed en Sonbrandmiddel.
8. Toiletbenodigdhede: (Moenie Seep en Tandeborsel vergeet nie)
9. Sakgeld vir Snoepie.

**B. OPSIONELE LYSIE:**

Selfone op eie risiko. (Mag nie gebruik word tydens program nie)

NB. Asma, byesteek allergie en hooikoorslyers moet hul eie medikasie saambring.

Leerlinge wat allergies is vir sekere voedselprodukte, moet vooraf reël vir alternatiewe of hul kan eie kos saambring. Ons sal dit vir hul stoor en voorberei. Dit geld ook vir halaal en vegetariërs.

*DIE VOLGENDE SAKE MOET ASSEBLIEF BY SKOOL AFGEHANDEL WORD: GEEN RADIO'S, CD-, MP-3 of soortgelyke speler toegelaat nie.*

*GEEN DRANK, DWELMS, SIGARETTE, KLAPPERS OF GEVAARLIKE WAPENS, WORD TOEGELAAT NIE.*

# BELANGRIKE DATUMS!



## JANUARIE 2023

| | MON | TUE | WED | THU | FRI | SAT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 Saalopening vetrek na Northgate Skool begin | 12 Kamp terug 15:30 | 13 Pretdraf | 14 Rus |
| 15 Rus | 16 Oueraand skoolsaal 18:00 | 17 Groentjie Sokkie | 18 Kleedrepetisie Direk na skool tot 18:00 | 19 Groentjie-konsert 18:00 | 20 Bokkesport Welpies moet 6:15 daar wees | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 Atletiek: Warmbad Byeenkoms | 28 |
| 29 | 30 Welpie Kerkdiens & Klokseremonie | 31 | 1 | 2 | 3 Atletiek: Middag/Aand Byeenkoms | 4 |

WAAK EN WERK

**NB: Klere vir die Groentjiekonsert vir seuns en dogters: Swart "Ski-pants"/ Swart broek en Swart T-hemp!**

*LAAI ASSEBLIEF D6 "SCHOOL COMMUNICATOR" AF OP U REKENAAR OF SLIMFOON. BELANGRIKE DATUMS EN REËLINGS WORD DAAR DEURGEGEE*

# LUK 2022/23


Onderhoofseun
Sport
Jody Buys


Onderhoofdogter
Kultuur
Geraldine Venter


Hoofseun
Ian du Plessis


Hoofdogter
Mieke Veldman


Onderhoofseun
Sosiaal
Pierre Nel


Onderhoofdogter
Akademie
Need Munene


Gideon
du Plessis


Lezaan
Burger


Henry
Fletcher


Lisa
Burger


Renier
Harmse


Isabella
Jones


Estiwan
Korff


Tami
Mphephu


El-Girnin
Maarman


Phophi
Netshilema


Andy
Musekene


Ansonett
Oosthuyzen


Willem-John
Phillipson


Zuanel
vd Westhuizen


Larry
Ramabulana


Nicoline
Venter


Rikus
Nel


Anam Yalukar


Jacques
Vermeulen


Cindy
Vorster

# SKOOLLIED

Van Suiderland tot Noorderland
Breed lê ons volk se spoor,
Beskawingslig is hoog geplant
Waar Trichardt wink daar voor
Waar Trichardt wink daar voor,

Ons wil werk en waak komaan!
Dieselfde vaandel dra.
Ons skool se glorie sprei ons saam
Oor heel Suid-Afrika
Ons skool se glorie sprei ons saam
Oor heel Suid-Afrika

Maroon and gold against the blue
Bright lies our future true
The Lion our Alma'ter
Observe and work our creed
A Triegie heart so pure

United here we are so proud
Our diverse nation dear
We work, obey and try our best
For you South Africa
We strive and toil to make you proud
A Triegie heart so pure!

# KONTAKBESONDERHEDE:

Hoërskool Louis Trichardt
Anderson straat 148
Louis Trichardt, 0920
Posbus 101
Louis Trichardt, 0920

**TELEFOON**
**015 516 4965/6**

E-POS ADRES
hslt@mweb.co.za
hslthoof@mweb.co.za



hslouistrichardt

Hs Louis Trichardt

Hoërskool Louis Trichardt